The South African Society of Music Teachers
Die Suid Afrikaanse Vereniging van Musiekonderwysers

NUUSBRIEF 2020:3 NEWSLETTER

Beste musiek onderwyser Dear music teacher

Who would have thought that 2020 would turn into this absolute game changer? Nobody had experienced anything like this before. My own grandmother was a young girl during the 1920 Spanish Flu and lost her own mother to that illness.

Die musiekbedryf is heeltemal op sy kop gegooi. As onderwysers moes ons nuwe planne beraam, tegnologie inspan, aangaan met ons lesgee, sodat ons kan oorleef. So baie kunswedstryde, konserte, eksamens, meestersklasse en byeenkomste moes eenvoudig gekanseleer word. Dit is alles hartseer, maar ons moet sterk staan, ons koppe hoog hou en musiek en kultuur bevorder. Veral nou, waar baie se gemoed nie so goed is nie, benodig ons iets moois en ook die ondersteuning van gelykdenkendes.

On the previous Saturday the SASMT committee had a Zoom-meeting. It was a positive experience during which we talked about music, our experiences during lockdown, and savoured the exchange of ideas.

- Die **SAVMO bystandsfonds** is daar vir hulp. Indien jy voel dat jy wil aanvra, kontak ons Uitvoerende Beampte Elma Britz (elmabritz9@gmail.com) vir inligting t.o.v. die proses.
- The **SACE registration** for music teachers is being investigated by a committee. All members will be informed of the process. The first email was sent out a day ago.
- Ons **hoofkantoorfooie** is volledig oorbetaal omdat ons in 2019 100% van ons ledegeld ingekry het. DANKIE! Ons kon derhalwe amper R2000 spaar omdat ons dit van die ‘early bird’ aanbod gebruik kon maak deur voor einde Julie te betaal.
- Up to date 50% of the Pretoria **2020 membership fees** have been paid. I am very aware that times are difficult, but am asking that payment is done if at all possible. Accounts were sent out early in the year and the fee can even be paid in portions. It will be greatly appreciated!
- Die nuwe publikasie **Piano Pieces from South Africa vol.1** deur Dr, Liezl-Maret Jacobs is pas vrygestel en kan by Ronella van Rensburg (info@scores2duo.co.za) bestel word. Opbrengste uit die verkope word aan die Savmo Bystandsfonds geskenk.

We decided that every committee member would send a message for this newsletter. Please enjoy!

Ek het geleer dat die eenvoudigste dinge in hierdie lewe wonderlik en genoeg is! Ook om ‘n vrolike kindergesiggie te sien blom gedurende ‘n les tydens inperking! Virtuele druklkies, hartjies en soentjies is ook baie kosbaar!

Winnie van der Walt

Every day is a new beginning. Take a deep breath, smile and begin again. God woke you up today for a reason. Trust in His plan, His timing is perfect. He will make a way.

Vivienne Pieters

Wie sou op 01/01/2020 gedink het dat die nuwe jaar 'n jaar sal wees wat ons nooit sal vergeet nie? Skielik het Covid-19 na SA versprei en ons is in 'n grendeltyd geplaas. Skielik mag jy nie jou huis verlaat nie, en mag nie leerlinge in jou studio ontvang nie. Planne moes beraam word. Ons, wat nie met rekenaars groot geword het nie, moes skielik aanlynlesse gee. 'n Groot aanpassing! Maar waar 'n wil is, is 'n weg! En kon lesse aangaan. Die hartseer is dat baie leerlinge of hulle ouers nie finansieel kon byhou nie, en baie leerlinge moes ophou les neem. Dit was so 'n aanpassing om op 'n Sondagoggend nie my kerkklere aan te trek nie en die orrel in my kerk te gaan speel nie. Ek beklee tog die pos meer as 43 jaar! Wie weet wat die toekoms inhou…Kom ons bid dat hierdie virus gou iets van die verlede sal wees, en alles weer normal sal wees.

Susan Swanepoel

The sweetest moments in life come not with the greeting you receive, but with the thought that someone wishes the best for you every day.

Vivienne Pieters

"*Music binds us together with invisible threads" – so waar vir musiekonderwysers! Met soveel musiekvriende en al die 'Zoom', 'Skype' en 'Youtube'-opwinding, is musici wêreldwyd hegter saamgebind in een groot roeping…om musiekonderrig op 'n hoë vlak te laat voortleef….dankie vir almal se inspirasie!*
"Music expresses that which cannot be said and on which it is impossible to be silent" (Victor Hugo)

Elfreda Penzhorn

In this time of lockdown, we are once again reminded what a central role the arts play in our lives. While people are stuck in their homes, they watch Netflix, Showmax, etc. where actors in crafted costumes are portrayed against creative backdrops and soundtracks. Also, people retreat to find solace and joy when listening to their favourite music. It is music that offers escape from the rooms that confine us, and the invisible threats that lurk outside, Society often regards the arts as a luxury, however, it is in fact, vital to our everyday lives. And we, as music teachers, have such a large impact when cultivating young artists, talents and appreciation. It is our work that directly manifests in the creation of music – the art form that unifies us as human beings.

Stephan Gericke

Laat die liefde vir musiek, wat ons reeds as kinders getrek het om te wees waar ons vandag is, steeds ons inspirasie wees. Om nie net onderwysers te wees nie, maar ware kunstenaars, wat die liefde vir ons kreatiewe musiekmaak versorg en vertroetel. Soek weer na daardie eerste liefde wat soms verlore gaan tussen eksamens en toonlere. Geniet weer jou instrument. Raak weer kreatief. En onthou dat jy 'n rykdom aan almal om jou skenk deur jou talent en deur jou daarwees. Musisci is waarlik soos engele wat die wêreld verryk.

Anita Fourie

We trust that this too will pass! Be safe, wear your mask, sanitize and keep up the good work!
Gisela Scriba and the Pretoria Committee